NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
NOORDELIKE SINODE

Steve Biko str 125B, Sunnyside, 0002 //Bus 28353, Sunnyside, 0132

O.W.O no. 930006611 Belasting nommer 9008/347/15/6
Tel 012-440 6525 Faks 086 565 1776 of 086 565 2913

Aan alle gemeentes

MOTORTOELAE EN REISKOSTE VIR 2021/22

Beste Gemeentebestuurder/Saakgelastigde/Kantoorbestuurder

Ontvang hiermee die riglyn vir motortoelae en reiskoste, gebaseer op die SAID se 2021/22 tabelle, volgens die besluite van die Algemene Taakspan Predikantesake.

Jy sal merk dat daar ‘n verlaging in die syfers is in vergelyking met die vorige jaar. Dit bring mee dat die gemeente in die lig van eie omstandighede sal moet besluit oor hoe die syfers aangepas word.

Daar is die volgende moontlikhede:

- Waar daar met totale koste van indiensneming (TKVI) gewerk word, is dit maklik: die TKVI word aangepas met die persentasie wat deur die kerkraad goedgekeur word, en die onderskeie items word daarbinne gestruktureer. (In ons vergoedingsbrief vir 2021/22 van 27 November 2020 word dit verduidelik.)
- Waar die TKVI metode nie gebruik word nie, maar die vasstelling van die vergoeding volgens die aanbeveling van die Algemene Sinode gedoen word, kan die toelaag:

    (a) verlaag word volgens die nuutste riglyn van die SAID
    (b) dieselfde gehou word as die vorige jaar of
    (c) selfs verhoog word waar die gemeente dit kan bekostig.

In die geval van (a) word die verlaging in onderhandeling met die predikant gedoen.

Skakel gerus indien daar onduidelikheid is.

Vriendelike groete

Johan Kruger
Saakgelastigde
0835544971

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
NOORDELIKE SINODE
Steve Biko str 125B, Sunnyside, 0002 //Bus 28353, Sunnyside, 0132
O.W.O no. 930006611 Belasting nommer 9008/347/15/6
Tel 012-440 6525 Faks 086 565 1776 of 086 565 2913

2021/22 Reistoelae volgens die gewysigde syfers van die SAID.

	2020 (01/03/2019-29/02/2020)	2021 (01/03/2020-28/02/2021)	2022 (01/03/2021-28/02/2022)
Waarde van die voertuig	170001 tot 255000	190001 en 285000	190001 en 285000
Brandstofkoste (sent)	116,0	128,3	**126,3**
Onderhoudskoste (sent)	47,5	51,6	**53,2**
Loopkoste per kilometer (sent)	163,50	179,9	**179,5**
Loopkoste 18 000 km (rand)	29 430	32 382	**32 310**
Jaarlikse vaste koste (rand)	72 983	80 539	**75 039**
Motortoelaag op 18 000 km	102 413	112 921	**R107 349**
Motortoelaag per maand	8 535	9 410	**R8 946**

Reistoelae bereken vir verskillende kilometers per jaar

Aantal kilometer	Vaste koste	R1,795 / km	Totaal	Maandeliks
20 000 km	75 039	35 900	110 939	9 245
18 000 km	75 039	32 310	107 349	8 946
16 000 km	75 039	28 720	103 759	8 647
14 000 km	75 039	25 130	100 169	8 347
12 000 km	75 039	21 540	96 579	8 048

Reistoelae vir sinodale en ander vergaderings.

Die Noordelike Sinode se kilometer tarief vir vergaderings is steeds R3,25 vir lede wat nie ‘n reistoelaag ontvang nie en R2,75 vir lede wat wel ‘n reistoelaag ontvang.